

# Nuwe Alles-In-Een
# Graad 2
# Tydelike Loerboek


BEST BOOKS

# Hannie Hen se nuus

Hannie Hen loop en loer om elke hoek. Boer mag haar nie sien nie.




Hannie dink dis 'n slim plan. Sy maak haar nes teen die muur. Sy lê vier eiers. Sy pas haar eiers op en Bok pas haar op. Op 'n dag, toe dit lente is, kom Hannie uit die stal.




1. Lees die sinne en vul dan die aanhalingstekens op die regte plekke in.

Wat soek jy, Hannie Hen? vra Bok.
Ek soek 'n plek vir my nes waar Boer my nie kan sien nie, sê Hannie Hen.
Hoekom moet Boer jou nie sien nie, Hannie? vra Bok.
Hy gaan weer my eiers vat, sê Hannie Hen.

2. Trek 'n **rooi** kring om die woord wat pas. Skryf die sinne daarna met die regte woorde in jou klaswerkboek af. Onthou die aanhalingstekens!

Boer **mag/maag** nie weer my eiers kry nie! Ek wil nie **weer/veer** my nes in die **skeur/skuur** hê nie! sê Hannie Hen.

Kom maak jou **nes/nies** hier by die **mier/muur**, Hannie, sê Bok.

Nuwe Alles-In-Een Graad 2 Huistaal Onderwysersgids - werkvel op CD 9781775890492

© NB Uitgewers 2020

## Lente by die diere

Dit is lente. Al die diere in die dieretuin raas en skree. "'n Baba, die eerste baba vir die lente is gebore!" snuif Koedoe.

Bosvark hou op wei. "Waar? Waar?" vra hy.


Kameelperd rek haar lang nek en loer oor die draad. "Ek hoor iets daar by die aap. Klein Haas, gaan kyk gou," sê sy.

Haas seil soos blits deur die draad. Hy sluip teen die steil bult af na Aap se hok toe.

Die diere wag en wag. "Wat gaan aan? Hy bly te lank weg," kla Sebra.

Hier kom Haas deur die vlei. Sy ore hang, sy pote sleep. "Wat nou, sê vir ons," pleit die diere.

Haas sug diep. "Dit is waar, Aap het 'n nuwe baba, maar die arme ding is so lelik! Hy lyk netso lelik soos 'n mens se baba! Aap sal nie vir hom lief kan wees nie!"



1. Trek 'n **rooi** kring om al die woorde met 'n **ie**-klank.
   Trek 'n **groen** kring om al die woorde met 'n **ei**-klank.
   Trek 'n **blou** kring om al die woorde met 'n **y**-klank.
2. Vul die klanke in om die woorde te voltooi. Die woorde wat jy in die leesles omkring het, sal jou help.

| |
|---|
| Die d__re in die dieretuin staan en w__. Hulle hoor daar is 'n nuwe kl__n babatjie in Aap se hok. Haas s__l teen die st__l bult af om te gaan k__k. Hy sl__p na aap se hok. |

3. Skryf jou eie sinne met hierdie twee woorde.

   lief: ____________________

   lyf: ____________________

Nuwe Alles-In-Een Graad 2 Huistaal Onderwysersgids - werkvel op CD 9781775890492

© NB Uitgewers 2020

# Skrifstrokie 31: Letters g & G en h & H
# Skrifstrokie 32: Transkripsie



**Skrifstrokie 31**

Trek hierdie skrifstrokie na en maak elke rëel se letters klaar. Skryf daarna die hele skrifstrokie oor in jou skryfboek.

g G g G

Gert gril vir goggas.

h H h H

Hendrik en Heinz hoes.

vier, vuur, nies, nuus.

**Skrifstrokie 32: Transkripsie**

Jy het presies 15 minute tyd. Skryf in drukskrif hierdie sinne oor in jou skryfboek. Hoe netjies kan jy dit doen?

Fienie Fee moet sorg dat die bome vol vrugte is. Wiep-wap, toor sy die peerboom vol piesangs! Koningin Ella en koning Giel sug. "Ons stuur vir jou skool toe, Fienie! Jy moet gaan leer hoe vrugte lyk."



Nuwe Alles-In-Een Graad 2Leer lees en skryf-werkboek 9781776071821


© NB Uitgewers 2020

| Sigwoorde | Spelwoorde |
|---|---|
| net wees met een ses weer<br>tel weet weg nee ken met | veel lees bees meet weeg<br>weg met bes les vel |


## Die vet peer

"Ek sal kom! Ek sal kom eet," sê die tor en kom sit op die peer.
Die tor eet en eet.

"Nee, los my net! Weg is jy, Tor," gil die peer.
"Ek wag dat Leen en Peet my kom eet."

'n By kom sit op die peer.
"Ek sal kom! Ek sal kom eet," sê die by.
Die tor en die by eet en eet. Wat 'n fees!

"As dit weer somer is, kom ons weer.
Leen en Peet wil mos nie die peer hê nie."



1. Soek die rymwoorde in jou leesles en skryf hulle in die regte blokkies. Kyk baie mooi! Jy is mos 'n slim kind!

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| w | e | e | r |
| | | | |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | w |
| | | | e |
| | | | e |
| | | | s |

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| h | o | m |

| | | |
|---|---|---|
| | | w |
| | | i |
| | | l |

2. Kies die regte woorde hierbo en voltooi die sinne. Vul die regte leestekens in.

| | |
|---|---|
| Tor en By het 'n ________. | Los my! ________die peer |
| Ons sal kom eet ________ sê die by en die tor | 'n By en 'n tor ________ sit op die peer |

Nuwe Alles-In-Een Graad 2 EAT Onderwysersgids - werkvel op CD 9781775890515

© NB Uitgewers 2020

| Sigwoorde | Spelwoorde |
|---|---|
| loop net oor voor weg oom tel ook ses soos met | hoor koor boom woon poot hoop boor foon toon |


## Ma Vink se nes

Ma Vink snik nog.
“Ek wil nie dood wees soos Hen nie.
Weef die nes oor. Weef die nes hoog in die boom!
Ek wil hoog in die boom woon.
Die nes mag ook nie oop wees nie,” sê sy vir pa Vink.


Pa Vink weef die nes oor. Hy hop op en af.
Hy hop heen en weer. Hy weef en weef.
“Ek hoop die nes is reg. Ek hoop jy wil hier woon,” sê pa Vink.

Ma Vink sien die nes is net reg.
“Ja, ek wil hier woon,” sê ma Vink.

1. Trek ’n kring om al die woorde met ’n **oo**-klank in jou leesles.
2. Verbind die rymwoorde in die twee neste met jou kleurkryt.




3 Kyk hoe vinnig jy die rymwoorde kan inkleur. Skryf die rymwoorde in jou klaswerkboek.





© NB Uitgewers 2020

Nuwe Alles-In-Een Graad 2 EAT Onderwysersgids - werkvel op CD 9781775890515

## Tel aan en terug met 2 en 5 | Bewerkings tot getal 30


Tel **verder aan** met **2**. Vul die ontbrekende getalle in.




Tel **terug** met **5**. Vul die ontbrekende getalle in.




Gebruik jou tellers om die somme uit te werk en vul die antwoorde in.
Toets die antwoorde op jou getallelyn.
Merk jou somme ✓ of × in die leë blokkies nadat jy dit getoets het. 'n Voorbeeld is vir jou gedoen.



| | | | |
|---|---|---|---|
| Voorbeeld | 30 – 2 = ☐ | 2 + 28 = 30<br>28 + 2 = 30 | ✓ |
| 1. | 27 – 3 = ☐ | 3 + 27 = ☐<br>☐ + 3 = 30 | |
| 2. | 27 – 5 = ☐ | 5 + ☐ = 27<br>☐ + 5 = 27 | |
| 3. | 30 – 7 = ☐ | 7 + ☐ = 30<br>☐ + 7 = 30 | |
| 4. | 26 – 2 = ☐ | 2 + ☐ = 26<br>☐ + 2 = 26 | |
| 5. | 26 – 5 = ☐ | 5 + ☐ = 26<br>☐ + 5 = 26 | |


Nuwe Alles-In-Een Graad 2 Pret met Wiskunde-werkboek 9781776070442

© NB Uitgewers 2020

# Oefenbladsy 11

## Tel aan met 3 tot 30, tel met 2, 3, 5 en 10 en onewe getalle

Na watter blom vlieg elke skoenlapper?
Begin by die skoenlapper wanneer jy begin tel en kleur die getalle in.
Gebruik 'n ander kleur kleurkryt vir elke skoenlapper se paadjie.




Tel met **2** op die getallekaart.
Kleur die blokke **rooi** in om te wys hoe jy met 2 getel het.

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 201 | 202 | 203 | 204 | 205 | 206 | 207 | 208 | 209 | 210 |
| 211 | 212 | 213 | 214 | 215 | 216 | 217 | 218 | 219 | 220 |
| 221 | 222 | 223 | 224 | 225 | 226 | 227 | 228 | 229 | 230 |

Tel met **3** op die getallekaart.
Kleur die blokke **groen** in om te wys hoe jy met 3 getel het.

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 351 | 352 | 353 | 354 | 355 | 356 | 357 | 358 | 359 | 360 |
| 361 | 362 | 363 | 364 | 365 | 366 | 367 | 368 | 369 | 370 |
| 371 | 372 | 373 | 374 | 375 | 376 | 377 | 378 | 379 | 380 |




Tel met **5** op die getallekaart.
Kleur die blokke **pers** in om te wys hoe jy met 5 getel het.

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 451 | 452 | 453 | 454 | 455 | 456 | 457 | 458 | 459 | 460 |
| 461 | 462 | 463 | 464 | 465 | 466 | 467 | 468 | 469 | 470 |
| 471 | 472 | 473 | 474 | 475 | 476 | 477 | 478 | 479 | 480 |

Nuwe Alles-In-Een Graad 2 Pret met Wiskunde-werkboek 9781776070435


© NB Uitgewers 2020

## Seisoene deur die jaar




Lees die name van die seisoene.

Teken by elke seisoen:

- hoe 'n boom in elke seisoen sal lyk
- een soort kledingstuk wat jy in daardie seisoen sal dra
- een kossoort wat jy dan graag in daardie seisoen sal eet.

Noem die seisoen waarvan jy die meeste hou: ____________________

____________________

____________________

____________________


Hoekom is dit jou gunstelingseisoen? Skryf twee sinne in jou klaswerkboek neer.

© NB Uitgewers 2020

Nuwe Alles-In-Een Graad 2 Lewensvaardighede Onderwysersgids - werkvel op CD 9781775890553

## Seisoene

Week 13




Kyk na die prente en skyf die regte getal by elke boom.

| | |
|---|---|
| 1. | Ek verjaar in __________. (maand) Dit is in die ______________. (seisoen) |
| 2. | Die bome bot in die _______________. |
| 3. | Die bome is vol perskes in die _______________. |
| 4. | Ons kry lemoene en nartjies in die _______________. |
| 5. | Die drie somermaande is _______________. |

Voltooi die sinne.

| | |
|---|---|
| S | |
| E | |
| I | In die somer swem ek graag, want dit is lekker warm. |
| S | |
| O | Ons eet warm sop wanneer dit baie koud is. |
| E | |
| N | |
| E | |

Skryf jou eie kreatiewe sinne wat met die letter in die eerste blok begin neer.

Nuwe Alles-In-Een Graad 2 Lewensvaardighede Onderwysersgids - werkvel op CD 9781775890553

© NB Uitgewers 2020

# Visuele Kuns, enigste les vir week 12 60 minute

**Hulpbronne:** Papierborde, gom, skêre, rommel soos koeldrankdoppies, blare, blomme, tou, wol, grassies, sade, knopies, roomysstokkies, verf, kwaste, waterbakkies, voorskote, verfmat/koerante.
*Vooraf*: Sê vooraf vir die leerders wat hulle gaan doen en vra vir hulle om grassies, stokkies, botteldoppies, blomme, ens., skool toe te bring. Sorg ook dat u ekstra het vir die leerders wat dalk nie bring nie. Sit vooraf die verf, kwaste en water uit.

**Stap 1 – Inleiding:** Verduidelik aan die leerders wat hulle gaan doen en hoe hulle blare vir die hare, grassies vir die wenkbroue, botteldoppies vir die mond, blomme vir wange en tou/wol/proppie/knoop vir die neus gaan gebruik.
**Stap 2 – Verf gesig:** Die leerders gaan heel eerste die papierbord (gesig) in hul velkleur verf en dit in die son sit om droog te word.
**Stap 3 – Opruim:** Terwyl hul "gesigte" droog word, was hulle die kwaste en verfbakkies en help u om dit te bêre.
**Stap 4 – Knip:** Nou help hulle mekaar om die oë en mond te merk en ronde gaatjies vir die oë en 'n lang reghoek vir die mond uit te knip.
**Stap 5 – Plak:** Hulle begin deur eers die hare met blare, tou of sade te plak, dan plak hulle die wenkbroue met tou, gras, wol en tou/wol rondom die gat vir die oë. Daarna plak hulle die neus met tou, proppie, knopie. Die wange kan hulle met pienk/rooi/oranje blomme, doppies, blare, ens., plak.
**Stap 6 – Afronding:** Hulle maak twee gaatjies in die kant van die gesig naby die ore en steek twee toutjies/wol in en knoop dit om die masker om die kop vas te maak. Rek kan ook gebruik word of hulle kan net 'n roomysstokkie aan die onderkant vasplak sodat hulle die masker voor hulle gesig kan hou.



© NB Uitgewers 2020


Uittreksels in hierdie loerboek is geneem uit:













Contact **Elana Bredell** Regional Sales Manager: Schools (Coastal regions, Free State, Northern Cape) elana.bredell@nb.co.za or **Henk Viljoen** Regional Sales Manager: Schools (Gauteng, Mpumalanga, North West, Eastern Cape, Limpopo) henk.viljoen@nb.co.za to reach your nearest bookseller or freelance agent.

---

Vir inligting oor u naaste boekhandelaar of vryskutagent kontak **Elana Bredell** Streeksverkoopsbestuurder: Skole (Kusstreke, Vrystaat, Noord-Kaap) elana.bredell@nb.co.za of **Henk Viljoen** Streeksverkoopbestuurder: Skole (Gauteng, Mpumalanga, Noord-wes, Oos-Kaap, Limpopo) henk.viljoen@nb.co.za.

BEST BOOKS

Nuwe ALLES-IN-EEN